FEEDTEK

# Alternatiewe energiebronne vir skaap-voerkraalafronding

Deur: Esmari Rautenbach, Feedtek (M.Sc. Agric. Veekunde)

Dit is algemeen bekend dat voer die grootste enkele kostefaktor in voerkraalafrondstelsels is, en mielies maak die grootste gedeelte uit van die meeste afrondranstoene. Die belangrikheid van mielies as energiebron vir intensiewe voerkraalafronding, en die groot impak van die mielieprys op winsgewendheid in die voerkraal, is die afgelope jaar verder beklemtoon deur hoë mieliepryse. Dit dwing produsente om ander alternatiewe te ondersoek, maar dit moet oordeelkundig benader word.

## Alternatiewe opsies

Die alternatiewe energiebronne wat mielies gedeeltelik of soms heeltemal kan vervang, is kleingrane, graan-neweprodukte en suiker-neweprodukte. Die insluitingspeile van hierdie alternatiewe bronne sal egter verskil weens verskeie faktore, naamlik styselinhoud, rumen-afbreekbaarheid, proteïeninhoud, fisiese eienskappe, smaaklikheid en gehalte. Dit is dus raadsaam om altyd 'n voedingkundige te kry om alternatiewe voerbestanddele in die voer in te formuleer. Onderstaande kan egter as riglyne beskou word.

## Kleingrane as energiebronne

Mielies kan 30% tot 50% deur kleingrane in skaapafrondvoere vervang word, en tot 100% deur gars. Kleingraanpitte moet egter "vet" wees; "maer" pitte het 'n laer energie-inhoud, wat diereprestasie nadelig beïnvloed. Kleingrane, met die uitsondering van hawer, is bekend daarvoor dat hulle geneig is om makliker suurpens te veroorsaak as mielies. Dit is die geval weens verskille in styselsamestelling. Die gevolg is dat meer as 90% van die stysel in gars, koring, rog en korog in die rumen afgebreek word.

Daarteenoor word slegs tot 74% van die stysel in mielies in die rumen afgebreek, terwyl die res in die dunderm verteer word. Die risiko van suurpens verhoog dus met kleingrane weens 'n oormaat verteerbare stysel in die rumen, en mielies word dus beskou as "veiliger" as kleingrane. Kleingrane moet verkieslik heel aan kleinvee gevoer word (mits dit nie uitsak nie), aangesien kleinvee kleingrane baie effektief herkou. In dié proses word energie geleidelik vrygestel, wat die voorkoms van suurpens dramaties verlaag.

## Neweprodukte as energiebronne

Die voer van neweprodukte is nie 'n nuwe konsep nie. Byna alle neweprodukte ontstaan uit die verwydering van 'n spesifieke gedeelte uit 'n basisproduk wat vir menslike gebruik aangewend word. Die gevolg is dat die samestelling van die neweproduk heelwat verskil van die basisproduk.

Mielie-neweprodukte soos mielie-kiemmeel en mielie-glutenmeel is fyn produkte en sal vinnig in die rumen fermenteer. Indien een of beide by afrondvoere ingesluit word, behoort dit nie meer as 20% van die mielies in 'n voer te vervang nie. *Hominy chop* is 'n lywige mielie-neweproduk en kan mielies met soveel as 50% vervang in afrondvoere sonder om voerinname te verlaag.

Wat koring-neweprodukte betref, is broodkrummels gevaarliker as broodmeel in afrondvoere, aangesien dit 'n gaar produk is en dus nog makliker fermenteer. Beide produkte kan dus maklik suurpens veroorsaak. Mielies kan met tot 20% broodmeel vervang word, en tot 15% met broodkrummels in afrondvoere, mits die voer gebuffer is en genoeg ruvesel bevat. Koringsemels kan teen vlakke van 10% tot 15% in afrondvoere ingesluit word, waar dit 'n deel van die mielie- en ruvoerkomponent vervang. Hou in gedagte dat koringsemels ook hoog in fosfor is. Te veel fosfor in die rantsoen kan aanleiding gee tot blaasstene.

## Kundige advies

Afrondvoere, waar mielies algeheel of gedeeltelik deur alternatiewe laerkoste-energiebronne vervang word, is nie altyd korrek gebalanseer nie. In so 'n geval kan 'n duurder, goed gebalanseerde rantsoen meer winsgewend wees weens beter voerbenutting. Met Feedtek se spesialiskonsentraat vir kleinveevoere, Mutton Gainer 125 (*Reg. no. V16141*), tesame met kundige advies van jou Feedtek-verteenwoordiger en professionele tegniese ondersteuningsdiens, kan afrondvoere maklik aangepas en gebalanseer word met goedkoper plaasgeproduseerde of plaaslik beskikbare alternatiewe energiebronne om afrondvoere van hoë gehalte te meng.

Besoek www.feedtek.co.za vir meer inligting, stuur 'n epos na **info@feedtek.co.za**, of skakel 086 111 5632

FEEDTEK

Spesialis veevoer konsentrate




Dankie Feedtek!

My eienaar kan nou koste doeltreffende hoë kwaliteit kleinvee voere tuis meng met lokale grondstowwe en Mutton Gainer 125 vir optimale groei en die beste voeromset in die voerkraal.

Mutton Gainer 125 (V16141) Sak Massa: 16 kg

086 111 5362
info@feedtek.co.za
www.feedtek.co.za